



# Myra se vriende

Charmaine //Gamxamûs Belia Liebenberg Benisia K. Nghiivali





“Ek wens ek het ‘n vriend gehad om mee te speel” sê Myra.




"Hallo Myra," sê die lieweheersbesie. "Ek is Pandu, ek kan jou vriend wees."







“Wie is jy?” vra Myra vir die skoenlapper.
“Ek is Omuwa,” sê die skoenlapper.



“Kom ons wees vriende,”
sê Myra.
“Kom ons speel saam,”
sê Pandu.
“Nou het ek twee vriende!”
sê Myra.



"Ons kan koek eet!" sê Myra.
"Ja! Koek! Koek, ons is lief vir koek!" sing Pandu en Omuwa.



"Ons kan saam teken!"
sê Omuwa.
"Ek is lief vir teken,"
sê Myra.



“En ons kan ook rus,” sê Pandu toe Omuwa gaap.



“Julle is die beste vriende ooit,”
sê Myra.

“Ons het soveel pret gehad om saam te speel” sê Pandu.

“Ja! Ja!” sê Omuwa.
“Pret! Pret! Ons het pret gehad!”

sing die drie vriende saam.



“Ek moet nou huis toe gaan.
Sien julle more.
Totsiens, Pandu! Totsiens, Omuwa!”
sê Myra.

“Totsiens, Myra!” sê Pandu.
“Totsiens, Myra! Sien weer!” sê Omuwa.



